

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 2: LETTERKUNDE

JUNIE 2009

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 80



WES-KAAP
Onderwysdepartement

METRO-NOORD
NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

GRAAD 12
GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

JUNIE 2009

Hierdie vraestel bestaan uit **22** bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voor jy die vraestel beantwoord.

1. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het deur en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
2. **Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**
 - AFDELING A: Gedigte (30 punte)**
 - AFDELING B: Roman (25 punte)**
 - AFDELING C: Drama (25 punte)**
3. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.
4. Beantwoord altesaam **VYF vrae: drie uit Afdeling A, een uit Afdeling B en een uit Afdeling C. Gebruik die *kontrolelys* aan die einde van hierdie vraestel om jou met jou keuses te help.**
5. Nommer jou antwoorde presies soos in die vraestel.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy en skryf die nommer van die vraag bo-aan die bladsy.
7. Laat 'n **reël oop** tussen jou antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. 'n Voorgestelde tydsindeling :
 - Afdeling A: ongeveer 40 minute
 - Afdeling B: ongeveer 55 minute
 - Afdeling C: ongeveer 55 minute.
10. **Die lengte van die opstel in Afdeling A is 250-300 woorde. Skryf die getal woorde van jou opstel regs onderaan neer.**
Die lengte van die opstel in Afdelings B en C is 400-450 woorde. Skryf die getal woorde van jou opstel regs onderaan neer.

AFDELING A: GEDIGTE		
Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae:		
VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE
1.	“Christ of the burnt men”	Opstelvraag
OF		
2.	“Behoeftes aan ongunstige weers- en ander omstandighede”	Konteksvraag
OF		
3.	“Twee kleuters in die Vondelpark”	Konteksvraag
OF		
4.	“By die eeuwending”	Konteksvraag
Ongesiene gedig: Beantwoord ENIGE EEN vraag		
5.	“Vrye vers”	Opstelvraag
OF		
6.	“Vrye vers”	Konteksvraag
AFDELING B: ROMAN		
Beantwoord EEN vraag. *		
7.	<i>Manaka plek van die horings</i>	Opstelvraag
OF		
8.	<i>Manaka plek van die horings</i>	Konteksvraag
OF		
9.	<i>Vatmaar</i>	Opstelvraag
OF		
10.	<i>Vatmaar</i>	Konteksvraag
OF		
11.	<i>Die kwart-voor-sewe-lemie</i>	Opstelvraag
OF		
12.	<i>Die kwart-voor-sewe-lemie</i>	Konteksvraag
AFDELING C: DRAMA		
Beantwoord EEN vraag. *		
13.	<i>Mis</i>	Opstelvraag
OF		
14.	<i>Mis</i>	Konteksvraag
OF		
15.	<i>Krismis van Map Jacobs</i>	Opstelvraag
OF		
16.	<i>Krismis van Map Jacobs</i>	Konteksvraag

* **LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSVRAAG uit Afdeling B en C.**

ONTHOU: Vul die Kontrolelys op p. 22 van die vraestel in om seker te maak jy het al die vrae beantwoord.

AFDELING A: GEDIGTE

Hierdie Afdeling bevat SES VRAE.

- Beantwoord ENIGE TWEE van die voorgeskrewe gedigte (Vrae 1 tot 4), asook EEN vraag oor die ongesiene gedig. (Vraag 5 of 6 is dus VERPLIGTEND.)
- *Opstelvraag*: Die lengte van die opstelvraag oor 'n gedig is 250-300 woorde. Verwys na al die onderafdelings wat gevra word.
- *Konteksvrae*: Die getal punte by elke vraag dien as riglyne vir die lengte van jou antwoord.

VRAAG 1 (Opstelvraag)

Lees die onderstaande gedig deur en voer dan die opdrag wat daarna volg uit.

"Christ of the burnt men"
(Thomas Merton)

1. Jy sal my ook al hoe meer wen, glimlaggende
2. skerts-oog blink-oog Christus wat my vervaarde jare
3. op jou afstand gadeslaan het: jy het
4. jou hande nie tóé uitgesteek toe ek
5. jou sengende wonde aan my lyf ontvang het nie
6. maar fel jou kruis geteken oor my, in hand
7. en voet en romp en hoof, en deur die beswyming
8. onder druppende bloedplasma- en soutwatersakke
9. kom skyn voor my met net die trekking van 'n glimlag
10. van uiterste pyn om die mondhoeke, jou oë
11. blink van 'n verskriklike akkoord.
12. En ek begryp, jy het my geteken vir die avontuur
13. van jóú, ek wat vuur bemin en altyd waaghalsig was –
14. O wat is die brand in die brein en hart wat brandender brand
15. as die vlam aan die lyf en wat gaan gloei in klip en sand
16. onder my eenvoetig-springende begrip agter jou
17. ságsinnigheid aan?: Nee, iets heerliker: as jy eindelijk
18. omdraai met oë wit en stip en ver en skouers gemantel
19. met 'n verwoede en stormende son: o my kosmiese Christus
20. drie-en-dertig jaar verdoesel in die klein en donker vlees
21. wat jy in een nag oopgevelek het om jóú vir my te bevry
22. opdat ek jou raaksien, raak weet, raak het en nog wag jy
23. dat ek moet sê, heeluit moet sê: grýp my hande dan,
24. amper sonder vingers vir jou: kundige timmerman.

Sheila Cussons *Die swart kombuis* 1978

Die spreker in "Christ of the burnt men" besef terugskouend

- hoe die **afstand** tussen haar en God deur haar lewe **al kleiner** geword het
- terwyl haar **begrip** van Hom al **groter** geword het.

Bespreek die spreker se groeiende insig hieroor in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. Skryf in paragrawe en gebruik volsinne.

[10]

VRAAG 2 (Konteksvraag)

Lees die volgende gedig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

Behoeftes aan ongunstige weers- en ander omstandighede

1. Die land het 'n te veel
2. aan ryk boere met Ford
3. en Fordson te veel halfgeleerde sportiewe studente
4. studeer aan te veel universiteite met te veel sosiale personeel
5. te veel is die somerdae en te kort
6. is die winders dun is die herfs vals die lente.

7. Die land het te veel binneland te veel olifant en leeu
8. en te min watervoëls te min mere en koue poel
9. met swane niks steur
10. die voetbalson nie as hulle vleis braai sneeu
11. dit nooit geen mis spoel
12. soos melk teen die ruite nie geen sprokies gebeur

13. in woude nie. Daar is te veel koerante
14. en koerantsterre soos hoere en moordenaars
15. te veel onmonargale koninginne en trompoppies
16. te veel annalante joollieste te veel sonnante
17. mercedese te veel minnaars
18. en ministers met hulle adjunkte en ander snoppies.

19. Daar is te min skilderye en boeke
20. en te min koue en kaggelvuur maande aanmekaar
21. skyn die son daar is geen verbeeldingryke ommekeer
22. van seisoene en menings nie geen donker hoeke
23. teen storms nie te min storms te ver uitmekaar
24. lê hemel en aarde met tussenin te veel mooi weer

T.T. Cloete *Angelliera* 1980

-
- 2.1 In strofe 1 spreek die spreker hom uit oor die Suid-Afrikaanse klimaat. Wat bedoel hy met die adjektief „vals”, as hy die lente beskryf? (1)
- 2.2 Strofes 2 en 3
- 2.2.1 Watter diere kom, volgens die spreker, in Suid-Afrika voor en watter diere kom in Europa voor? (3)
- 2.2.2 Watter kleur assosieer die spreker met Europa, volgens strofe 2? (1)
- 2.2.3 Watter soort stories, wat Suid-Afrikaners graag lees, staan in teenstelling met die tipiese sprokies van Europa? (1)
- 2.2.4 Bespreek die verskil tussen die “onmonargale koninginne” en byvoorbeeld koningin Elizabeth II van Brittanje. (1)
- 2.3 Verduidelik waarom die slotwoorde van die gedig (“te veel mooi weer”), net soos die titel, ’n voorbeeld van ironie is. (2)
- 2.4 Stem jy saam met die spreker se siening van Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord in ’n volsin. (1)
- [10]**

OF

**VRAAG 3
(Konteksvraag)**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

Twee kleuters in die Vondelpark

1. Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
2. ’n klein oneindigheid lank hand-in-hand

3. Smetloos geteken dryf die dubbelswaan
4. gesplete hart van hals en dubbelhals,
5. geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
6. geslote snawel dynserig vervals
7. met eenkant lug en water anderkant.

8. Versadig aan die roerloose gesig
9. pluk hy – die seuntjie – plotseling haar hand
10. vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
11. as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

12. Verby die bome druis die straatrumoer.

-
- 13 Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
 14 bromfiets tot motor, sal hy konstateer
 15 - die wiel sy ordeteken – dat hy lid
 16 is van die kollektiewe Lilliput.
- 17 Maar sý sien webbe onderwater roer.
- 18 Miskien is dit die laaste dag van staar
 19 en grondelose verwondering. Wat sou
 20 hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
 21 'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
 22 'n doktrinêre Hollandse meneer?
 23 En sý 'n druk slagvaardige mevrou
 24 met 'n allure van dít-is-soos-dit-is?
- 25 Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

Elisabeth Eybers *Balans* 1962

3.1 Strofe 1

- 3.1.1 Waarom staan die twee kleuters stil? (1)
- 3.1.2 Die woorde, “'n klein oneindigheid”, kan gesien word as 'n voorbeeld van 'n oksimoron. Bespreek hierdie stelling. (2)
- 3.2 Wat word geïmpliseer met die woorde, “Verby die bome druis die straatruoer”? (2)
- 3.3 Haal die woorde aan wat bewys dat die spreker dink die seuntjie sal eendag, as hy groot is, sy motor as 'n statussimbool beskou. (1)
- 3.4 Benoem die stylmiddel in reël 15, “... van die kollektiewe *Lilliput*”, en bespreek die geslaagdheid van die stylmiddel. (2)
- 3.5 Gee twee moontlike betekenis van die slotreël van die gedig: “Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.” (2)

[10]

OF

VRAAG 4**(Konteksvraag)**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

By die eeuwending

- 1 Hoe is dit moontlik
- 2 hierdie eeu met sy atoombom en rewolusie
- 3 met sy kolonies
- 4 en globale oorloë hoe is dit moontlik
- 5 hierdie eeu met sy maanlanding
- 6 en gestroopte kruis, met sy
- 7 hooggoonde en strafkampe met sy diktators
- 8 en martelare
- 9 Hoe is dit moontlik hierdie millennium
- 10 met sy kruisvaart sy seereise
- 11 en vreemde vastelande met sy ontploffing
- 12 van kennis
- 13 Hoe is dit moontlik
- 14 hierdie millennium met sy gewelddadige soeke
- 15 na identiteit met sy lugvaart en ruimte
- 16 verkenning

- 17 Hoe is dit moontlik in die enkele klik
- 18 van 'n lewe ook nog die oerknal
- 19 van liefde

Louis Esterhuizen *Opslagsomer 2001*

- 4.1 In hierdie gedig word vier vrae gevra.
 - 4.1.1 Hoe word hierdie soort vrae genoem? (1)
 - 4.1.2 Wat is die funksie van die vrae in hierdie gedig? (1)

 - 4.2 Waarna verwys die woorde “globale oorloë”? (1)
 - 4.3 Wat word bedoel met die woord “millennium”? (1)

 - 4.4. Die enjambement in reëls 7 en 8 koppel die woorde “diktators” en “martelare”. Wat is na jou mening die betekenisverband tussen hierdie twee woorde? (2)

 - 4.5 Die eerste sestien reëls van die gedig handel oor groot, deurslaggewende wêreldgebeure. Is die slotstrofe met die klem op die liefde tussen twee mense dus 'n antiklimaks? Motiveer jou antwoord. (2)

 - 4.6 Hoe sal jy die spreker se laaste vraag (reëls 17 tot 19) beantwoord? Verwys na sy gebruik van die woorde “enkele klik” en “oerknal”. (2)
- [10]**

LET WEL: Jy moet óf Vraag 5 óf Vraag 6 doen.

VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG (Konteksvraag)

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Vrye vers

1 ek wou
2 dat jy 'n gewone gedig
3 moet wees:
4 so netjies
5 soos 'n sonnet.

6. ek wou
7. jou vorm
8. soos ek jou wou.

9 ek weet nou:
10 jy sou dit nie wou nie,

11 want jy het losgebreek
12 tot meer
13 as veertien reëls
14 en somtyds
15 rym jy glad nie.

16 nou
17 ken ek jou
18 nou nog nie.

Valda Jansen

- 5.1 Bespreek twee moontlike betekenisse van die titel. (2)
- 5.2 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 3? (1)
- 5.3 Strofe 1 en strofe 2 begin albei met die woorde "ek wou". Wat is die funksie van hierdie herhaling? (1)
- 5.4 Beeldspraak in strofe 1
- 5.4.1 Benoem die vorm van beeldspraak. (1)
- 5.4.2 Motiveer jou antwoord by 5.4.1 (1)
- 5.5 Wat word 'n strofe van drie reëls (soos strofes 2 en 5) genoem? (1)

5.6 Bespreek kortliks die progressie vanaf strofe 1 tot strofe 3. (2)

5.7 Skryf slegs die nommer van die gepaste stelling neer.
Die tema of kerngedagte van die gedig kan omskryf word as:

- A Weerbarstigheid.
- B Ongehoorsaamheid.
- C Die skryfproses laat hom nie maklik in 'n vaste vorm vasvang nie.
- D 'n Digter hoef nie net sonnette te skryf nie. (1)

[10]

OF

VRAAG 6 (Opstelvraag)

Skryf 'n opstel van 250 tot 300 woorde oor die volgende onderwerp:

Bespreek bostaande gedig van Valda Jansen as 'n voorbeeld van 'n vrye vers.
Verwys na die verskillende kenmerke van 'n vrye vers en motiveer die kenmerke met aanhalings of bewyse uit die gedig. Skryf in paragrawe en volsinne. [10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

- Hierdie afdeling bestaan uit Vrae 7, 8, 9, 10, 11 en 12.
- Lees die vrae deur wat handel oor die roman wat jy in die klas behandel het.
- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
Jy het 'n keuse tussen die OPSTEL- en die KONTEKSVRAAG oor die roman wat julle in die klas behandel het.
- As jy in hierdie afdeling kies om die opstelvraag te doen, moet die konteks-vraag in Afdeling C gedoen word, en omgekeerd.
- **Opstelvraag:** Die lengte van die opstelvraag is 400-450 woorde. Beantwoord al die onderafdelings wat gevra word. Skryf in paragrawe en volsinne. Skryf jou getal woorde regs onderaan neer.
- **Konteksvrae:** Die getal punte by elke vraag dien as riglyne vir die lengte van jou antwoord.

VRAAG 7 MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – PIETER PIETERSE
(Opstelvraag)

Skryf 'n opstel van 400-450 woorde oor hoe Baas se karakter, in sy soeke na Christenskap, algaande ontwikkel. Begin waar Baas op Manaka aankom.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Baas se ontkenning dat hy soos 'n Christen optree en na God soek
- Sy geleidelike betrokkenheid by geestelike aktiwiteite
- Sy uiteindelige berusting en geestelike sekerheid.

[25]

OF

VRAAG 8 MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – PIETER PIETERSE
(Konteksvraag)

Lees die onderstaande uittreksel uit die roman en beantwoord dan die vrae.

1 Laatmiddag kry hulle Nanna en ouma Essie by die Land Rover. Hulle het die Land Rover herken en stilgehou. Hulle is op pad van Ngweze af terug na Manaka toe. Griesel is nie by hulle nie. Hy het siek geword, sê Nanna. Hy is in die hospitaal. Dit is malaria. Hy is baie moedeloos. Sy het oom Scholtzie gebel om vir hom te sê. Hy sê hy kom so gou moontlik.

5 Daar is ook goed wat hy vir hulle moet bring.

Ouma Essie klim nie uit die Datsun om hulle te groet nie. Sy voel nie lekker nie. “Dit is my kop,” sê sy.

10 Ouma Essie kyk na Baas. Haar oë huil. Sy gee vir hom 'n brief wat in Mubuyu se possak was. Hy gaan eenkant toe om dit te lees. Dit is van Baas Dennis, sy neef in die Houtboschberg. Die reisagente is mal oor die idee van 'n toerboot op die Zambezi, skryf hy. Hulle beplan wêreldwye bemarking. *Wanneer kom jy dan weer 'n skoot kuier?* sluit neef Baas die brief af.

Baas loop teen die rant uit en gaan sit op 'n klip.

15 “Ons moenie dat Nanna en my ouma alleen op Manaka aankom nie,” sê Grace langs hom.

Hy antwoord nie.

“Ek kan saam met hulle ry as jy en meneer Johnnie eers verder wil soek na die boot. Ek moet by my ouma wees wanneer sy sien wat daar by die kerk gebeur het.”

20 “Ons kan voor hulle uitry.” Baas staan op. “Dit is nie nodig om nou al vir haar te sê van Chisupo nie. Sy kan dit later hoor, wanneer sy beter voel.”

By Mubuyu se afdraai hou Baas stil.

“Ek gaan net vir ouma Essie aflaai,” sê Nanna toe sy agter hom stilhou.

Grace klim uit. “Miskien sal dit goed wees as my ouma saam met ons Manaka toe gaan. Daar het iets gebeur wat nie goed is nie.”

25 “Dit is iets oor die kerk,” sê ouma Essie.

“Dit is iets oor die kerk, my ouma.” Grace sit haar hand oor die twee oumenshande op die skoot van die Profeet van die Bybel.

* * *

Ouma Essie laat Baas toe om haar na die Land Rover toe te help en in te klim. Grace en Sitali klim agterop.

30 Nanna gaan sit teen die rantjie.

Toe Baas terugkom, is sy nie meer daar nie. Hy ry na sy kamp toe. Die Datsun staan onder die worsboom. Sy kom met nat hare van die wasplek af aan.

“Ek het jou handdoek en seep geleen.”

35 Hy vat dit by haar en loop teen die rivier af. Die honde loop saam. Waar hy Briekwa begrawe het, gaan sit hy op die skuins stam van die kameeldoring. Die klankevan Nanna se kitaar dryf na hom toe aan. Wie weet of jy nie met die oog op ’n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê.

40 Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het? En hoe ’n kampvuur in die nag werk, bo, langs die Zambezi op die Angolagrens waar Manuel met ’n bekertjie droë boontjies sit en wag vir Iemand om sy siek kind gesond te maak?

Baas was en gaan terug om vuur te maak.

Hulle eet toebroodjies en drink die wyn wat Nanna saamgebring het. Sy gaan rondawel toe. Hy bly by die vuur. Later gaan lê hy op sy slaapsak by die vleisboom. Die honde krul hulle op. Hy slaap nie.

45 Laatnag kom Nanna na hom toe. In die maanlig sien hy sy het ’n kartondoos onder die arm.

“Ek het vir jou ’n geskenk gebring.” Sy hou die present met al twee hande na hom toe uit.

Baas sit regop en maak dit oop. Dit is ’n vleismeul met ’n worsstopper daarby.

50 “Gee jy om dat ek by jou kom lê?” vra sy. “Net ’n rukkjie.”

“Dankie vir die geskenk,” sê Baas. Hy laat haar teen sy bors huil. Haar hand is in sy baard.

“Vroeër het dit vir my gevoel of jy my broer kon gewees het. Maar ek het na jou verlang verlede nag daar in Ngweze. Dit was nie soos verlang na ’n broer nie.”

Baas antwoord nie.

- 8.1. Vertel kortliks wat Nanna en Griesel du Pisani by Manaka kom doen het. (1)
- 8.2. Noem een verskil tussen Nanna en Griesel se karakters en motiveer jou antwoord uit enige deel van die verhaal. (2)
- 8.3. “Ouma Essie kyk na Baas. Haar oë huil.” (reël 8)
- 8.3.1. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
Die beeldspraak in dié aangehaalde deel is (personifikasie / vergelyking) (1)
- 8.3.2. Bespreek die geslaagdheid van hierdie beeld. (1)

-
- 8.4. Verduidelik kortliks die rede waarom Baas nie opgewonde raak oor die nuus dat reisagente in sy “toerboot op die Zambezi” (reël 10) belangstel nie. (1)
- 8.5. Noem twee dinge wat “by die kerk gebeur” het (reël 18) wat spesifiek vir ouma Essie en Nanna sal ontstel. (2)
- 8.6. “Dit is nie nodig om nou al vir haar te sê van Chisupo nie.” (reëls 19-20)
- 8.6.1. Watter rol speel Chisupo in die gebeure wat ouma Essie sal ontstel? (1)
- 8.6.2. Wat het Chisupo vermoedelik gedoen wat ook vir Baas baie skade berokken het ? (1)
- 8.6.3. Hoe kom Chisupo aan sy einde, met ander woorde, hoe sterf hy? (1)
- 8.7. Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf dit neer: (Grace / Ouma Essie) word die “Profeet van die Bybel” genoem. (1)
- 8.8. Lees weer reël 34. Waarom is Briekwa dood ? (1)
- 8.9. “Wie weet of jy nie met die oog op ’n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie ? het ouma Essie gesê.” (reëls 36 – 37)
- 8.9.1. Ouma Essie het geglo Baas is na Manaka gestuur om die mense te help. Noem enige twee dinge wat Baas gedoen het om die mense van Barotseland te help. (2)
- 8.9.2. In die roman speel die ruimtes ’n groot rol. Wat beteken die ruimte, Manaka? (1)
- 8.11. Lees weer reël 50, “Gee jy om dat ek by jou kom lê ?” Is Nanna se optrede na jou mening gepas? Motiveer jou antwoord. (2)
- 8.12.1. Watter soort verteller kry ons in hierdie roman? (1)
- 8.12.2. Noem een voordeel van hierdie soort verteller. (1)
- 8.13. Skryf twee moontlike temas van dié roman neer (2)
- 8.14. Wat is naastenby die vertelde tyd van die verhaal? (1)
- 8.15. Dui aanof die volgende stelling Waar of Onwaar is: Die aangehaalde teks is deel van die afloop van die roman. (1)

[25]

VRAAG 9 VATMAAR – A.H.M. SCHOLTZ
(Opstelvraag)

Die titel van die roman *Vatmaar* is die naam van 'n fiktiewe nedersetting, maar dit dui ook op 'n gesindheid van ruimhartigheid wat onder die inwoners van die nedersetting geheers het.

Skryf 'n opstel van 400-450 woorde waarin jy bogenoemde stelling bespreek.

Verwys in jou bespreking na die volgende:

- Die oorsprong van die naam van die nedersetting
- Hoe die naam inpas by die gees van ruimhartigheid
- Die inwoners se siening oor steel en hoe dit by die titel aansluit

[25]

VRAAG 10 VATMAAR – A.H.M. SCHOLTZ
(Konteksvraag)

Lees die onderstaande uittreksel uit die roman en beantwoord dan die vrae.

1 Die Sondag na die volgende pensioendag was ons weer by Ta Vuurmaak se cabin en hy het ons meer van sy waarheid oor Vatmaar vertel: Terwyl ek in die Pan, soos Du Toitspan genoem is, was om twak, vuurhoutjies en ander dinge te koop, het Ta Vuurmaak gesê, loop ek een van onse boys wat aan die Queen behoort het, raak. Hy het my vertel dat Chai
5 'n witman se werk gekry het. Ek het toe by die dorpsraadskantoor gaan wag tot dit tyd vir Chai was om te tjaila.

Toe hy my sien, gee hy my twee pond om te koop wat ek nodig het en terug te gaan en onse aardse besittings verder op te pas.

10 Daai Saterdag het Chai my by my kaia kom sien. Hy het 'n bottel sjerrie saamgebring en hy het my vertel hoe hy aan die plan vir Vatmaar gekom het. Vatmaar was die naam wat ek aan sy en Corporal Lewis se gesteelde goed gegee het. Nou het hy sommer die plek ook so genoem.

Chai het glo een nag terwyl hy wakker gelê het, die plan gekry vir wat die Engelse 'n settlement noem. In sy gedagtes het hy die plek naby die vlei gesien.

15 Ek het met George daaroor gepraat, het Chai gesê, en hy het gesê hy sal graag op sy eie saam met Ruth wou bly, opsy van sy en haar mense. Want sy gaan 'n bybie kry. George het weer met sy army-captain gaan praat. Die twee het mekaar goed verstaan. Die captain het beloop om die saak op die agenda vir die aankomende vergadering van die myn-company en die dorpsraad te sit.

20 Op altwee vergaderings is goedgekeur dat daar 'n nedersetting op die myn se grond kan kom - vyf myl buite Du Toitspan, naby die vlei wat binne Du Toitspan se dorpsgronde val. Dit sou 'n buitewyk van Du Toitspan wees vir die arme Cape-boys wat vir die Queen geveg het, en vir ander wat ook graag daar wou woon.

25 Ta Vuurmaak het gesê: Chai het die bottel omgekeer, my hand gevat en gesê: Ek het lanklaas so lekker gesels. Toe het hy op sy bicycle geklim en gery.

My stert van die storie is, het Ta Vuurmaak gesê, dat Chai en sy George met vier volk gekom het en twee hope van die vatmaar-goed gemaak het. Toe het Chai 'n halfkroon gevat en vir George gesê: Heads or tails? Chai kon eerste kies. Toe het hulle hulle goed gevat na wat hulle hulle se erwe genoem het.

- 10.1 Verwys na reël 1 en reël 2.
- 10.1.1 Watter soort verteller tref ons in die gedeelte aan? (1)
- 10.1.2 Na wie verwys die “ons “ in reël 1? (1)
- 10.1.3 Waarna verwys “waarheid” in reël 2? (1)
- 10.2 Wie is die fokalisator in reëls 3 tot 8? (1)
- 10.3 Watter eienskap van Chai word in reël 7 beklemtoon? (1)
- 10.4 Stem jy saam dat ons kan sê dat die aanhaling uit 'n agternaperspektief vertel word? Verduidelik jou antwoord. (2)
- 10.5 Sê of die onderstaande stelling Waar of Onwaar is en gee 'n motivering vir jou antwoord: Chai word in die roman as 'n ronde karakter uitgebeeld. (2)
- 10.6 Verwys na “onse aardse besittings” in reël 8
- 10.6.1 Verduidelik waarna “aardse besittings” hier in die leesstuk verwys. (1)
- 10.6.2 Hoe het die manier hoe hulle aan die “aardse besittings” gekom het verskil van die aanvanklike opdrag of “orders” wat hulle vir die “Queen” moes uitgevoer het? (2)
- 10.7 Verwys na reëls 15-17
- 10.7.1 Die liefde tussen George en Ruth was 'n besondere liefde. Gee een beskrywing van hoe George sy liefde vir Ruth ervaar het. (1)
- 10.7.2 Watter twee voorwaardes (een eksplisiet en een implisiet) het Ruth se tante aan Corporal George Lewis gestel indien hy vir Ruth as sy vrou sou neem? (2)
- 10.7.3 Verduidelik in jou eie woorde hoe die liefde tussen George en Ruth aansluit by die tema van “liefde sonder grense” in die roman “*Vatmaar.*” (2)
- 10.8 Verwys na reëls 20 tot 21
- 10.8.1 Verduidelik hoe die naam van die nedersetting, *Vatmaar*, aansluit by die tema van ruimhartigheid wat onder die inwoners geheers het. (2)
- 10.8.2 Dink jy die feit dat die ligging van die nedersetting, *Vatmaar*, so deeglik beskryf en opgeteken word, kan as ironies beskou word? Motiveer. (2)
- 10.9 Lewer kommentaar oor die taalgebruik in dieroman *Vatmaar.* (2)

10.10 Dink jy die roman *Vatmaar* is steeds aktueel en universeel? Motiveer jou antwoord. (2)

[25]

VRAAG 11 *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* - ELEANOR BAKER (Opstelvraag)

Fantasie speel 'n baie belangrike rol in Iris se lewe.

Bespreek bogenoemde stelling in 'n opstel van 400-450 woorde deur na die volgende te verwys:

- Die redes hoekom Iris 'n fantasiewêreld skep.
- Bespreek hoekom sy die volgende karakters geskep het, asook hul funksie in die verhaal:
 - Richard
 - Greta
 - Peter.
- Hoe die fantasieë Iris se beroepskeuse beïnvloed.
- Gee, as slotparagraaf of –sin, jou eie mening

[25]

VRAAG 12 *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* - ELEANOR BAKER (Konteksvraag)

Lees die onderstaande uittreksel uit die roman en beantwoord dan die vrae:

“Het Ma gehoor wat ek gesê het?”

“Ja, darling.” Sy het die bakkie vet vinnig in die yskas gesit asof die verwerking daarvan nou die yskas se verantwoordelikheid is. “Ek weet Pa is op 'n dieet.”

“Nie dit nie. Van my naam.”

Sy het haar hande gewas en die hardevet onder haar naels uitgekrap.

“Natuurlik het ek gehoor.”

“Dis mooi, nè?”

“Pragtig,” het sy saamgestem en haar tong geklik toe sy agterkom die boud is wel in die oond, maar die oond is nog nie aangeskakel nie. “So 'n mooi blom. Ek vind dit so jammer dat hulle net in die lente blom.”

- 12.1 Iris se naam
- 12.1.1 Wat het Iris die dag vir haar ma oor haar naam vertel? (2)
- 12.1.2 Noem twee redes waarom sy meerderwaardig teenoor haar susters gevoel het. (2)
- 12.1.3 Verduidelik hoe sy, volgens haar pa, aan haar naam gekom het. (2)
- 12.1.4 Wat het Iris in haar puberteitsjare geglo is die betekenis van haar naam? (1)

- 12.1.5 Hoekom het sy toe geglo dat haar naam by haar pas? (1)
- 12.2 Noem twee karaktereienskappe van Iris se ma wat in die uittreksel na vore kom. Haal twee aanhalings uit die leesstuk aan as motivering van jou antwoord. (4)

Lees die onderstaande uittreksel uit die roman en beantwoord dan die vrae:

Van Bettie kon ek nie 'n Greta maak nie. Sy het nie genoeg waardigheid gehad nie, om mee te begin. As een van my karakters gepraat het, het mense geluister en gereageer. Dit waarom ek hulle dialoog gepoleer en verfyn het. Hulle het ook nie "Ha!" gesê en hulle neuse rooi gesnuif nie. Greta sou ook nie gedreig het om by 'n vlak waterval af te spring nie.

Maar my onmiddellike probleem was Peter en Eduard. Die twee was besig om te oorvleuel, veral in die koue nagte onder die dik donscombiers. Eduard was 'n adolessente skim, moes ek teësinig toegee, Peter was werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas.

- 12.3 Waar was Iris op die spesifieke oomblik? (1)
- 12.4 "Van Bettie kon ek nie 'n Greta maak nie". Bettie en Greta het baie van mekaar verskil. Vergelyk hul geaardhede met mekaar. (4)
- 12.5 Iris se woorde: "As een van my karakters gepraat het, het mense geluister..."
- 12.5.1 Wie is die "karakters" na wie Iris in hierdie uittreksel verwys? (Hul name word nie vereis nie.) Bespreek hul funksie in die roman. (3)
- 12.5.2 Bespreek die ironie omtrent hierdie stelling betreffende Iris se eie lewe. (2)
- 12.6 Bespreek die funksionaliteit van die Engel in die roman. (3)

[25]

AFDELING C: DRAMA

- Hierdie afdeling bestaan uit Vrae 13, 14, 15, en 16.
- Lees die vrae deur wat handel oor die drama wat jy in die klas behandel het.
- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Jy het 'n keuse tussen die OPSTEL- en die KONTEKSVRAAG oor die drama wat julle in die klas behandel het.
- ONTHOU: As jy in Afdeling B die opstelvraag gedoen het, moet jy die konteksvraag in hierdie afdeling doen, en omgekeerd.
- **Opstelvraag:** Die lengte van die opstelvraag is 400-450 woorde. Beantwoord al die onderafdelings wat gevra word. Skryf in paragrawe en volsinne. Skryf jou getal woorde regs onderaan neer.
- **Konteksvrae:** Die getal punte by elke vraag dien as riglyne vir die lengte van jou antwoord.

VRAAG 13 MIS – REZA DE WET (Opstelvraag)

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde oor Miem en Meisie se uiteenlopende persoonlikhede. Dui aan hoe dit bydra tot Meisie se innerlike konflik wat uiteindelik van haar 'n gewillige slagoffer maak.

[25]

OF

VRAAG 14 MIS – REZA DE WET (Konteksvraag)

Lees die onderstaande uittreksel uit die drama en beantwoord dan die vrae:

1. MIEM: (*onheilspellend*) Toe kry hulle Sannie Koen se haarlint in 'n doringboom. (Wys) Net buite die dorp. En soos u seker weet, Konstabel, was dit nog elke jaar op dieselfde aand. Die laaste aand in Augustus.
2. GERTIE: Daarom is ons so dankbaar ...
3. MEISIE: (*verskyn in die deur*) Ek is klaar, Ma.
4. MIEM: Goed so, my kind.
5. GERTIE: Ek was besig om te sê dat ons so dankbaar is om u vanaand by ons te hê. (*Loop versigtig met 'n oorvol koppie koffie na die KONSTABEL*)
6. KONSTABEL: Ek is bly ek kan van diens wees.

7. MIEM: En maak toe die deur, Meisie!
8. GERTIE: Hier, Konstabel. Ek is jammer ... Ek het 'n bietjie gestort in die piering.
MEISIE maak die deur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.
9. KONSTABEL: Alles reg, Juffrou. (*Maak sy keel skoon*) Ek hoop nie u neem aanstoot nie, maar dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite.
10. MIEM: Hoe so, Konstabel?
11. KONSTABEL: Al die feite is tog ooglopend. Maar daar is ander gegewens ... wat u miskien misgekyk het.
12. GERTIE: En wat sou dit wees, Konstabel?
13. KONSTABEL: (*kil*) Ek het al te veel gesê. Kom ons laat dit daar. (*Klap sy hande saam*)
Nou wel, as u dan die saak oopgevelek het, is dit seker waarom ek hier is. Miskien koester die persoon ... of persone ...
14. GERTIE: Ag nee, Konstabel! Is daar dan meer as een?
15. KONSTABEL: 'n Mens weet nooit. Enigiets is moontlik.
16. MIEM: Ja, dit is waar. (Aan MEISIE) Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar.
17. MEISIE: Ja, Ma.
MEISIE gaan sit en werk verder.
18. MIEM: Verskoon tog, Konstabel. Wat wou u sê? Van die persone of persoon?
19. KONSTABEL: Ek was besig om te sê hy ...
20. GERTIE: Of hulle!
21. KONSTABEL: Net so, Juffrou. Of hulle koester dalk 'n wrok teen u en die juffrou hier.
22. MIEM: Hoe aaklig.
23. GERTIE: Verskriklik!
24. KONSTABEL: Wil u miskien selfs van die gras af maak!
MIEM, MEISIE en GERTIE maak gelyktydig angsgeluide.
25. KONSTABEL: Maar wees gerus. (*Glimlag*) Ek is hier om so 'n plan te fnuik.
26. MIEM: Hoe kan ons u bedank?

- 14.1 Voltooi die onderstaande stelling deur die ontbrekende woord in te vul:
- 14.1.1 Die aangehaalde gedeelte volg kort na die _____ moment in die drama. (1)
- 14.1.2 Omskryf bogenoemde moment in 'n paar woorde. (1)
- 14.2 Wat is bekend omtrent die situasie rondom Sannie Koen? (Spreekbeurt 1) (3)
- 14.3 Gee die verskillende redes waarom die vroue so dankbaar is om die konstabel daardie aand by hulle te hê. (Spreekbeurte 2 en 26) (3)
- 14.4.1 Watter atmosfeer skep die sirkusmusiek wat telkens gehoor word as die buitedeur oopgemaak word? (1)
- 14.4.2 Watter ander element, wat Meisie ook aantrek, sluit by die sirkusmusiek aan? (1)
- 14.4.3 Verduidelik waarom hierdie twee elemente so aantreklik vir Meisie is. (2)
- 14.5 Skryf die rede neer waarom die konstabel vir Gertie hier "Juffrou" noem.

	(Spreekbeurt 9 en 21)	(1)
14.6.1	Verduidelik wat bedoel word met die vetgedrukte woorde in "dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite". (Spreekbeurt 9)	(1)
14.6.2	Watter gegewens, suggereer die konstabel waarskynlik, het die vroue nie raakgesien nie? (Spreekbeurt 11)	(2)
14.6.3	Lewer kommentaar op die funksie van die konstabel se gebruik van "blind staar", "ooglopend" en "misgekyk". (Spreekbeurte 9 en 11)	(2)
14.7.1	Tree die konstabel volgens sy karakter op as hy na die ontvoerder of moordenaar as "die persoon ... of persone ..." verwys? (Spreekbeurt 13)	(1)
14.7.2	Motiveer jou antwoord by 14.7.1.	(1)
14.8	Lei twee karaktertrekke van Miem af uit haar volgende woorde aan Meisie: "Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar."	(2)
14.9.1	Wat beteken die uitdrukking, "van die gras af maak"? (Spreekbeurt 24)	(1)
14.9.2	Verduidelik die dramatiese ironie in die konstabel se woorde: "Maar wees gerus. (<i>Glimlag</i>) Ek is hier om so 'n plan te fnuik". (Spreekbeurt 25)	(2)
		[25]

VRAAG 15 KRISMIS VAN MAP JACOBS – ADAM SMALL
(Opstelvraag)

Skryf 'n opstel van 400-450 woorde oor die volgende:

Ontleed die ruimte in hierdie drama soos dit deur die toneelaanwysings en dialoog beskryf word. Gee aandag aan die volgende:

- die ruimte waarin die gebeure plaasvind
- die breër ruimte waarin die gebeure aangebied word
- die meer spesifieke ruimte
- die tronk

[25]

OF

VRAAG 15 KRISMIS VAN MAP JACOBS – ADAM SMALL
(Konteksvraag)

Lees die onderstaande uittreksel uit die drama en beantwoord dan die vrae:

1. LA GUMA: Maar wat gebeur? Group areas! The District Sixes, the Claremonts, the Simonstowns! You name it, mister Cavernelis. Hulle bull-doze vir jou simply ýt, ýt, yt jou eie bietjie history ýt, en dan... bou hulle virjou hierdie council-flats, hierdie match-box op match-box, hierso op die kaal Cape Flats sand, hierso waar die South Easter op sy worst waai ... Here, where flowers an' grass jus' don't grow, unless you've got the cash for all that water! ... (*Hy lag.*)
2. BLANCHE: Daddy! Auntie Maud says you must come in now!
3. CAVERNELIS: Mister La Guma, ek ...
4. LA GUMA: Verstaán mister Cavernelis?
5. CAVERNELIS (*skud maar sy kop*): Ja ... ja ...
6. LA GUMA: En dan, wanner 'n man se history ge-destroy is, wanner hulle die original hys van jou family ge-destroy het, en al jou connections oek moet die mense wat jy geken het, en al daai resentment in jou opgestook het ... Well, you've got to start again, somehow, right?... All over again, mister Cavernelis... in this... wasteland... Hierso waar daar niks direction is nie, man, hierso waar hulle vir jou, en vir my, en vir al onse families, in-geforce het... Group areas...
7. CAVERNELIS: Maar dis hoekô ons hierso wil yt...
8. LA GUMA: So ons ammal soek 'n identity, 'n direction... Kyk maar Map Jacobs se tattoos, man... daai's 'n search vir identity!

- | | | |
|------|--|-----|
| 16.1 | Wie is die protagonis in die drama? | (1) |
| 16.2 | Verskaf 'n rede vir die buitengewone naam van hierdie karakter. | (1) |
| 16.3 | Die protagonis verskyn eers in die derde bedryf op die toneel. Verklaar sy afwesigheid in die eerste twee bedrywe. | (2) |
| 16.4 | Verduidelik die simboliek van die plek waar die protagonis homself bevind het. | (2) |
| 16.5 | Wie of wat is die antagonis in die drama? | (1) |
| 16.6 | Skryf enige drie dinge uit die uittrekselneer wat die ruimte beskryf waarteen die drama afspeel. | (3) |
| 16.7 | Die protagonis het 'n onvergeeflike daad gepleeg. Dink jy 'n mens kan met hom simpatiseer? Motiveer jou antwoord. | (3) |
| 16.8 | Blanche en Auntie Maud | |

16.8.1	Wat is die verwantskap tussen die twee vroue?	(1)
16.8.2	Watter taal gebruik die twee karakters hoofsaaklik?	(1)
16.8.3	Lewer kommentaar oor die taalgebruik in die drama.	(2)
16.9	Bespreek kortliks die funksie van die teenwoordigheid van Apostel George in die drama.	(2)
16.10	Watter karaktertrek van Mister Cavernelis word in die uittreksel uitgelig?	(1)
16.11	In spreekbeurt 7 verwoord Mister Cavernelis die ideaal wat hy daagliks nastreef. Is die wyse waarop hy dit wou bereik regverdigbaar? Motiveer jou antwoord.	(2)
16.12	Stem jy saam met Willy la Guma se argument in spreekbeurt 8? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.	(2)
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

GROOTTOTAAL: 8

KONTROLELYS

Vul die onderstaande Kontrolelys in om seker te maak dat jy al die vrae beantwoord het:

AFDELING	VRAAG-NOMMERS	GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD	MERK AF
A: Voorgeskrewe gedigte (Opstelvraag of konteks vrae)	1 tot 4	2	
A: Ongesiene gedig (Opstelvraag of konteks vraag)	5 en 6	1	
B. Roman (Opstelvraag of konteks vraag)	7 tot 14	1	
C: Drama (Opstelvraag of konteks vraag)	13 tot 16	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSVRAAG uit Afdeling B en Afdeling C.			